

Die geslag van die engele

Die geslag van die gevalle boodskappers /engele en die mens

Die afgelope klompie jare het argeoloë baie ontdekkings al gekry wat ons as toehoorders en aanskouers baie interessant vind. Ongelukkig maak dit ons deurmekaar en dus moet ons keuses maak tussen hulle interpretasie “oor die ontdekking”; Ontdekking kan jou mislei of ondersteun in jou studie na iets in die verre-verlede.

In die traktaat wil ek u help om te verstaan oor die ontdekking en ontleding van die kleitablette wat hulle ontdek het, soos Zecharia Sitchin se ontleding. Baie het sy woorde gevat en ‘n klomp stertjies daaraan gelas om die wêreld deurmekaar te maak (*nie dat hy ‘Zecharia Sitchin’ nou die waarheid praat nie*). Ons ken die verhaal in Genesis waar YAH die aarde geskep het en waar Hy in sewe dae alles daarop geskape het. Op die sewende dag voltooi Hy met Adam waarna Hy toe gerus het. Nou sal jy hoor dat die ontdekkers dieselfde scenario kry uit die ontdekking van die Samaritane wat in Mesopotamië gewoon het. Wat wel ook interessant is, is dat een van hulle verhaal ook 6000 jaar oud is. Volgens hulle 6000 jaar ontdekking val die ewolusie lering nou in duie, want daar staan dat die mens deur die Anunnaki geskape was en wandel tans op aarde (*wat wel ‘n leun is*). Op die tablette staan tye op wat praat van duisend jaar (*23,26 duisend jaar*), maar die jare gaan oor hulle “die Anunnaki self” en nie die mens of die aarde sin nie.

Om vinnig te kyk na hulle ontdekking en ontledings gaan soos volg: Die Anunnaki kom van ‘n planeet wat met probleme sit. Hulle planeet ontvang te veel sonstrale en veroorsaak allerhande dinge op hulle planeet. Hulle het wel uitgevind dat ‘n sekere metaal hulle sal help om die son strale te beheer. Hulle het toe van planeet tot planeet gegaan om te soek waar hulle van die metaal in die hande kan kry. Met hulle soektog sien hulle die blou planeet ‘aarde’ wat hulle volgende planeet sal wees tot ondersoek. Duidelik op hulle kleitablet noem hulle dat die aarde mooi groen was en dat hulle wesens op die aarde gevind het.

Met die landing op aarde het hulle met hul ondersoek begin en agtergekom dat die aarde die metaal bevat wat hulle so brood nodig het. Dit is die edelmetaal ‘goud’ wat alom bekend is vir sy beskermings waarde (*die satelliete en teleskope en so ook rekenaars gebruik die edelmetaal*). Hulle het hulle nie veel gesteur aan die wesens oop aarde nie, want hulle was soos sprinkane in hulle oë. Hulle lengte was so tussen 11 tot 14 meter teenoor die mens se 2 meter (*6 voet teenoor 40 voet*). Hulle was Dus oor die ses maal hoër in gestalte. Volgens hulle geskrifte het hulle sesduisend jaar gelede hul voet die eerste keer op aarde gesit. Met die ontdekking van die waardevolle metaal het hulle dadelik aan die werk begin spring. Hulle het eers gesukkel om die goud te kry en wanneer hulle wel by dit uitgekom het, het hulle agtergekom dat dit ‘n harde werk is om die metaal uit die grond te haal.

Nou hier is dit waar dit interessant begin te word; Ek wil amper sê hier gaan Atlantis en die piramides meer begin sin maak met my volgende verduideliking.

Regoor die wêreld kry ons die piramides en so ook allerhande geboude ringe (*veral in Suid Afrika*) wat maklik besigtig kan word deur Google. Baie lyk soos 'n aanloopbaan en ander weer soos patrys-poorte (*porthole*) ens. As ons na die Anunnaki sketse kyk sal ons sien dat hulle in een of ander lugskepe gereis het en dat hulle in ruimtepakke beweeg het. Met die eerste besoek op aarde het hulle met baie goed gesukkel tot en met hulle besluit het dat hulle dit vir hulself meer gemaklik gaan maak om die goud te vind / uit te haal en te vervoer na hulle planeet. (*Nou dit is waar die piramide en snaakse ringvormig geboue inkom*). Hulle het piramides gebou vir verskillende redes (*glo ek*), maar dit was veral gebou as 'n poort vir landing, stuur en ontvangs van goed deur daardie patryspoort.

Met ontdekkings (*in die area*) het die argeoloë uitgevind dat daar twee aanloopbane en patryspoorte op aarde was. Die een moes vergaan het en 'n ander bo-oor die oue gebou gewees het. Hier kom die volgende interessant na vore met hulle ontdekking en Sitchin se ontleding. In die Anunnaki se geskifte erken hulle dat daar 'n groot geskil en bakleiery op 'n stadion op die aarde was (*tussen die gevalle seuns en YAH. Boek van Henog*) waarvan daar 'n aardse vloed gekom het en alles daarna op aarde verwoes was. Na die verwoesting het die aarde se noordpool geskuif en baie meer water het op die aarde gebly (*dit is waar Atlantis onder die waters verdwyn het*). Volgens die ontleders van die tablette het die eerste landing van die Anunnaki hul 'kommunikasie punt' geskuif van Mesopotamië na Jerusalem (*Mesopotamië Irak / Babel en Nimrod na Jerusalem*).

Ek gaan eers weer terug na die Anunnaki wesens wat begin het om te werskaf op aarde om die edel metaal uit te haal vir hul planeet se bestaan.

Hulle het 'n frekwensie geskep (*gebou*) op aarde om die goud-metaal uit te wys vir hulle (*ons as mens gebruik tans ook frekwensie om water, metale, olie ens uit te wys*). Argeoloë het sekere punte op aarde ontdek wat deur hulle gebou was. Die Anunnaki het sekere ring-formasies gebou waarvan die argeoloë nie regtig geweet het waarvoor hulle dit gebou het nie. Die argeoloë het oral rondom die formasies gesoek na beendere of gebruiklike goed vir die wat daar gelewe het. Baie het dit afgeskryf as kraal-mure vir diere en dit daar gelaat tot en met (argeoloog) oorhoofse foto's van die geboude ringe. Hulle sien en kom toe agter wat dit werklik was. Al die ring-formasie is aan mekaar gekonnekteer na 'n sekere punt. Wat hulle toe stom slaan was dat op daardie bymekaarkom punt die 'GPS' koördinate mal gegaan het. Met allerhande toetse sou hulle toe agterkom dat dit 'n vibrasie of 'n sein punt was om goud uit te wys.

Met die bevinding om die goud te vind was nie meer 'n groot probleem nie en so ook om die goud na hulle planeet te stuur was ook nie meer vir hulle 'n probleem nie. Die probleem was die rug breek arbeid om die goud uit te haal. Hulle argument "volgens hulle kleitablette" was dat hulle astroloë is wat ontdekkinge doen en nie arbeiders was om goud uit te delf nie. Nou hier begin die inmenging van die Anunnaki by die wesens van die aarde, en die oorlog wat vir hulle daardeur voorlê.

Die Anunnaki sê toe vir hulleself, maar hier is reeds wesens wat ons kan gebruik om die goud vir ons uit te haal. Al wat ons moet doen is om van ons 'DNA' in hulle te sit dat hulle soos ons kan wees en doen soos ons wil hê. Hulle tablette bevestig dit ook dat hulle gesê het: "Kom ons skep ons eie uit hulle" (*Hiervandaan gaan baie dinge begin om sin te maak vir ons*).

Ek gaan nou na die Skrif om uit te wys waar van die interessante gebeure in is. Soos ek bo uitgewys het op die Anunnaki se kleitablette staan dat die aarde reeds daar was, dat die aarde groen was en dat daar aardse wesens op was. Met die informasie van die 6000jaar kleitablette, val eie interpretasies manne by die deur uit dat Adam 'n skepping van die Anunnaki was.

YAH het alle lewe op aarde geskep en geskape waarvan Adam van YAH se 'DNA' ontvang het (*Presies wat die Anunnaki wou doen met YAH se ander wesens Mal. 2:15 Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God VADER gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie*). Adam wat VADER se verteenwoordiger was op aarde het natuurlik met die Anunnaki manne te doen gehad, en het later tot 'n val gekom deur versoeking van Ha satan in die tuin van Eden. Ek glo dat Ha Satan deel was van die Anunnaki, en waarvan hulle ook deel was van VADER se skepping. So glo ek ook dat die Anunnaki wel geweet het waarmee hulle doenig was, want Ha satan het soort van jaloers geword op hulle en sy eie daad gepleeg op Adam 'om heerskappy' voordat hulle in beheer kon kom.

Kom ek stel dit so nl.: Die Anunnaki wesens "is die gevalle seuns" wat kom krap het aan VADER se Seun skepping. VADER het alles geskep wat ons weet en nie weet van nie. Die Anunnaki behoort aan VADER waarvan hulle oortree het om te kom krap aan YAH SY Seun se skepping. Hulle het kom krap aan die 'DNA' van YAH se skepping waarvan dit op hulle kleitablette staan. Hulle noem dit so: "*nou het ons dit reggekry om mens te skep wat lyk soos ons*". Ja dit is so; hulle het gekrap aan die wesens op aarde om vir hulle reuse te verwek uit die mens se vroue om die arbeid na goud daar te stel. *Gen 6:1 Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is,;2 sien die seuns van God VADER dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het.*

Gen.6:4 In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van ~~God~~ VADER by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. Dus voor die vloed van Noag het die Anunnaki (seuns van VADER) hul ding kom doen en wou kom heers op die aarde waarvan YAH 'n stokkie (aardse vloed) voor kom steek het. Nou weet ons hoekom al die verskriklike piramides, geboue en so ook hoekom Atlantis ewe skielik tot stilstand gekom het (lees gerus die traktaat oor Atlantis in Saksers reeks).

Net om uit te wys dat daar wel na die vloed weer van hulle was gaan ek nou uitwys in die volgende. Ek moet ook noem vir die wat wonder hoekom die slagting onder ander volke, waar YAH Sy volk heen gestuur het (soos na en in die beloofde land) was om die Anunnaki saad in totaliteit uit te roei (nie YAH se geskepte wesens nie, maar die wesens wat daar ontstaan het deur die gevalle seuns of soos bo genoem 'Anunnaki'). YAH het telkemaal vir Sy geskape wesens die opdrag gegee om hulle met die banvloek te tref en min wetend was dit om die Anunnaki saad se 'DNA' uit te wis.

Kom ons kyk nou in die Skrif oor die saak.

YAH gee opdrag aan Josua dat hy al die "iete" met die banvloek moet tref. Hoekom met die banvloek? Omrede hulle (en dit wat aan hulle behoort) 'DNA' bevuil was; M.a.w. hulle was nie geskep deur YAH nie.

In die landstreek Mesopotamië het die Samaritane gewoon ("ook die plek is waar die tuin van Eden was) waarvan YAHUSHA Sy dissipels gewaarsku het dat hulle nie daarheen moes gaan nie (dit was ook die landstreek waar Nimrod gewoon het "Babel") Matt.10:5. Ons weet ook dat Abraham uit die dorp Ur kom wat ook in daardie landstreek was. Dus het daar in Mesopotamië ontsettend baie dinge gebeur wat heelwat in ons Skrif beskrywe word.

Om terug te gaan na die vervuilde 'DNA' wesens. In Gen.6 is die vloed van Noag waar ons hulle kan sien en in Num13:33 na die vloed. YAH het vir die *Yashar'EL* gesê roei die: Keniete; Kenissiete; Kadmoniete; Kanaäniete; Hetiete; Feresiete; Girgasiete; Refaïete; Jebusiete en die Amorieite uit. Ons weet nou ook hoekom. Van die volke genoem was miskien nie reuse nie, maar al die genoemde volke was bevuilde 'DNA'. Ons weet beslis dat Enakiete en Emiete reuse was wat YAH uitgeroei wou hê.

Ons kan nou gaan kyk na die volke wat YAH se kinders getreiter het en waar hulle afkoms is. In Genesis. 10 kry ons die nageslagte van Noag se seuns. Die nageslag van **Jafet** het hulle gaan vestig in Europa nadat hulle hul vorige tuiste (Mesopotamië) verlaat het. Die nageslag van **Sem** het hulle bevestig teen die middellandse see (genoem *Yashar'EL vandag*) nadat hulle ook in Mesopotamië was.

Die geslag van **Gam** was verdeeld weens die vervuiling van die DNA tussen hulle. Hulle het opgebreek en gewoon in Egipte en so ook bly woon in Mesopotamië (*Babilon*). Net om te noem hoekom die verspreiding uit Mesopotamië: In Gen.11:6. Spreek YAH en sê: “*kom ons verwar hulle met hulle taal*”. Net na die verwarring van ‘taal’ het die groot trek gekom (*aan die onderkant gaan ek uitwys waarmee Nimrod besig me was*).

Ek wys die seun van Gam uit in :*Gen 10:6 En die seuns van Gam was: Kus en Misraim en Put en Kanaän.*

Gen 10:7 En die seuns van Kus was: Seba en Háwila en Sabta en Raéma en Sábtega. En die seuns van Raéma: Skeba en Dedan.

Gen 10:8 Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om ‘n gewelddenaar op aarde te wees.

Gen 10:13 En Misraim was die vader van die Ludiete en Anamiete en Lehabiete en Naftuhiete

Gen 10:14 en die Patrusiete en Kasluhiete— waaruit die Filistyne voortgekom het— en Kaftoriete.

Gen 10:15 En Kanaän was die vader van Sidon, sy eersgeborene, en Het

Gen 10:16 en die Jebusiete en Amorieite en Girgasiëte

Gen 10:17 en die Hewiete en Arkiete en Siniëte

Gen 10:18 en die Arwadiëte en Semariëte en Hamatiëte. En daarna het die geslagte van die Kanaäniete hulle versprei.

Let nou mooi op dat die nageslag van Kus nie “iëte” agter hul name aan het nie, dus nie vervuilde DNA gehad het nie. Hulle was die manne wat Egipte begin en opgebou het (Ps.78:51; 105:23,27). Die ander twee broers se kinders het almal ”iëte” aan en dus die bevuilde geslag was wat VADER uitgeroei wou hê. Jy kan nou vra, maar daar is ‘iëte’ aan Israel’iëte’. Is dit nie voor die hand liggend nie! Ha Satan wil mos “in die plek van” wees, dus die kinders wat ek bo uitgewys het is mos almal deel van die uitverkore!! Nie eens amper nie. Dank YAH dat hy dit uitgelig het en ons afgesonder het; Ons is wel “Yashar’EL” nie Israeliete nie!

Voordat ek oorgaan na die verduideliking wat Nimrod se doelstelling was wil ek in kort ‘n verduideliking gee oor ‘n terme wat baie in die Skrif voorkom en nie verstaan word nie, en dit is: die “seuns” van VADER. Baie wil die seuns van VADER gebruik soos hulle wil, maar min besef hoe hulle mistrap daarmee. Alle Lofwaardige wesens deur VADER geskep is “seuns” van HOM, maar SY Seun sin is Sy knegte, broers, vriende en so ook “seun” genoem. Ons kan ook sê: Sy “gelyke” (*spieëlbeeld of ewebeeld*). Dus as jy dit verstaan sal jy verstaan wat in Job staan waar die ‘Seuns’ van VADER voor HOM verskyn het (*Dus die VADER se skepping en die Seun se skepping*).

Ek sluit oor Nimrod. Nimrod was ook deel van die Anunnaki wat hulle DNA gehad het. Die Skrif sê tog duidelik dat die man ‘begin’ het om ‘n gewelddenaar te wees. Gewelddige jagter en dus groot in alles wat hy aangepak het.

Hy was wel 'n hoerkind by Semiramis(*of moet ek sê, Semiramis was bevrug deur 'n Anunnaki, want die seun wat sy gebaar het was in totaal anders as haar ander seun Tammuz die eenvoudige*) en nie Kus se seun nie.

Nou met die kennis weet ons dat die man geweldig slim ook moes wees. Nimrod was van kindsbeen 'n uitstaan bo sy metgeselle. Hy het sy ma en andere so beïnvloed deur sy daade dat hulle hom as heerser wou hê. Sy ma het op hom verlief geraak(*seker oor sy gespierde liggaamsbou*) en besluit dat sy hom as man wou hê en daarbenewens die moord op Kus haar man.

Wat ook al sy, die man het die Anunnaki DNA in hom, en bo en behalwe het hy kennis van sy voorvaderlike doen en late. M.a.w. voor en na die vloed van Noag was daar nog steeds die kennis wat hul voorgeslagte gedoen het. Die volk en sy volgers kom toe bymekaar om te noem(Gen.11:3,4) dat hulle stene moet bak en 'n toring moet bou. Nou die sodanige toring wat verkeerdelik geïnterpreteer word was nie 'n toring nie 'vir die eenvoudige rede' nl.: Die manne was slim, intelligent en waarom 'n toring bou wat hulle voor hul neuse weet wat nooit gebou kan word tot in die hemele nie. Dink net as jy opkyk sien jy eers die wolke, dan die son en maan en wat van die sterre daar bo? nee wat hulle het geweet wat hulle sou bou en dit is 'n poort.

Hulle het 'n lugweg / patryspoort (porthole) gebou waarvan Nimrod die heerser daaroor was. Lees gerus die volgende vers van Gen.11:5 wat sê dat die toring reeds klaar gebou was ("gebou het") *Gen. 11:6 En die ~~HERE~~ VADER sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.* Lees mooi wat hier staan: Dit is die begin van hulle "onderneming" Hulle onderneem om die lugweg te gebruik om van die aarde na ander planete of hemele te beweeg. "Kom ons verwar hulle taal" was sekerlik die beste opdrag wat kon gemaak gewees het om die projek van die Anunnaki seuns te stop.

Net vir die interessante oor wat ons lees in die Skrif nl.: in die laaste tyd gaan dit wees soos in die tyd van Noag. Hulle is tans besig in Switserland met 'n geweldige groot "patryspoort" genoem 'Cern' waar hulle na die "God-gedeelte" soek of die "Bick bang" teorie. Onwetend is hulle besig om Abáddon of ook genoem Apóllion uit sy 6000 jaar gevangenis vry te laat Open.9:11.

Om die poort daar te kon gestel het in Nimrod se tyd, het hy een volk een taal nodig gehad; Cern in Switserland (*reeds begin in 1954*) het hulle die selfde doelstellings daar gestel. Hulle word deur 10 tal volke ondersteun in een taal. Almal is volgens my die besmette van ouds.

Ek sluit om te noem dat die gevalle "seuns" nie gevalle "engele" was nie. Die gevalle engele was wel die wat saam met Ha satan uit die hemele gewerp was na die aarde.

Bedink dit